

GEMEENSKAPSOPDRAG IN VERBAND
MET ENERGIE EN SAMELEWING
APRIL 2021



DIE GEBROKE BELOFTE VAN BEKOSTIGBARE ENERGIE VIR ALMAL

Dat mense genoeg elektrisiteit kry om in hul daaglikse behoeftes te voorsien, teen 'n prys wat hulle kan bekostig, het baie voordele:

- Hulle het meer geld om te spandeer aan ander noodsaaklike items soos kos en vervoer, in plaas van duur elektrisiteit, paraffien of steenkool.
- Elektrisiteit is 'n baie veiliger vorm van energie as kerse of paraffien, wat 'n baie groter risiko vir huisbrande dra.
- Elektrisiteit is 'n baie skoner (d.w.s. minder besoedelende) bron van energie as om steenkool en hout binne in 'n huis te brand. Elke jaar sterf honderde kinders as gevolg van die hoë vlakke binnenshuise lugbesoedeling wat deur binnenshuise steenkool en houtvuur veroorsaak word.
- Bekostigbare elektrisiteit ondersteun werkgeleenthede, klein besighede en kleinboere.

Om al hierdie redes, toe die Suid-Afrikaanse regering die witskrif oor energie in 1998 opgestel het, was die hoofdoelwit die volgende:

Die regering sal toegang tot bekostigbare energiedienste vir voorheen benadeelde huishoudings, klein besighede, kleinboere en gemeenskapsdienste bevorder. Om hierdie doelwit te bereik, is fundamenteel vir die regering se herbouing-en-ontwikkelingsprogram en die toekomstige sosio-ekonomiese ontwikkeling van ons land.

Die witskrif was bedoel om 'n bloudruk vir alle energiebeleide te wees. Maar meer as 20 jaar later is hierdie belofte van bekostigbare energie vir almal nie nagekom nie. In plaas daarvan het ons die volgende situasie:

- Arm huishoudings word gedwing om 'n baie hoër persentasie van hul inkomste aan energie te spandeer as welgestelde huishoudings: in Suid-Afrika spandeer arm huishoudings tot 17 persent van hul inkomste aan energie. Dit is baie hoër as wat welgestelde huishoudings spandeer, en dit beteken dat daar minder geld beskikbaar is vir ander noodsaaklike, soos kos;
- Baie huishoudings staar die risiko dat hul krag afgesny word, in die gesig, omdat hulle nie hul elektrisiteitsrekening kan betaal nie;
- Baie huishoudings word gedwing om gevaarlike energiebronne soos paraffien en besoedelende (d.w.s. vuil) energiebronne soos steenkool te gebruik omdat hulle nie elektrisiteit kan bekostig nie en
- Baie klein besighede en kleinboere sukkelding om hul elektrisiteitsrekeninge te betaal, wat die oorlewing van daardie besighede bedreig.



WAT HET VERKEERD GELOOP?

Hoekom is die belofte van bekostigbare, veilige en skoon energie vir alle Suid-Afrikaners nie nagekom nie?

Daar is 'n aantal redes vir die huidige situasie:

Eerstens, die regering het nooit 'n standaard gestel vir wat "bekostigbare energie" beteken nie.

Daar is geen duidelike definisie wat sê "bekostigbare energie" beteken dat 'n huishouing nie meer as hierdie bedrag per maand vir elektrisiteit moet betaal nie" nie. As 'n gevolg hiervan is daar nie 'n beleid wat die verhoging van elektrisiteitspryse beperk om seker te maak dat almal in werklikheid dit wat hulle nodig het, kan bekostig nie. Dit beteken dat die hoofdoelwit van die witskrif geïgnoreer is.

Dit is 'n kwessie deur die departement van minerale en energie aangespreek moet word (dit is die departement wat daarvoor verantwoordelik is om die witskrif in verband met energie te implementeer). Ons benodig 'n duidelike standaard vir bekostigbare dienste – 'n standaard wat dit wat mense moet betaal, beperk tot wat hulle in werklikheid kan bekostig.

Tweedens, die beleid vir gratis basiese elektrisiteit (free basic electricity, FBE) wat in 2003 in plek gestel is, is nie geïmplementeer soos bedoel nie.

Die FBE-beleid was bedoel om die hoeveelheid geld wat arm huishoudings aan elektrisiteit spandeer, te verminder deur vir hulle elke maand van 50 kWh gratis elektrisiteit te voorsien. Al is hierdie hoeveelheid minder as wat 'n huishouing in werklikheid elke maand benodig, is dit nog steeds 'n belangrike ondersteuning. Die huidige waarde van die gratis elektrisiteit is net onder R100 per maand.

Maar daar was ernstige probleme met die implementering van die FBE-beleid. Ons navorsing wys dat daar miljoene huishoudings is wat elke maand die gratis elektrisiteit behoort te kry, maar hulle kry dit nie. Dit beteken dat hulle uit eie sak vir daardie elektrisiteit moet betaal, en dit laat hulle met minder geld om vir ander noodsaaklikhede soos kos te betaal.

Wat is die rede hiervoor?

Jy kan slegs die FBE elke maand kry as jy by jou munisipaliteit as 'n **behoeftige huishouing** geregistreer is, en as jy 'n amptelike elektriese verbinding het. Die munisipaliteit is daarvoor verantwoordelik om arm huishoudings te identifiseer, hulle te registreer en hulle dan elke maand van 'n pakket met gratis basiese dienste (elektrisiteit, water en sanitasie) te voorsien. Alle munisipaliteite het verskillende reëls in verband met wat 'n behoeftige huishouing is (die reëls is by jou munisipale kantoor beskikbaar), maar dit behoort alle arm huishoudings in te sluit.

Indien jy 'n voorafbetaalde meter of 'n direkte rekening by Eskom het, dan is die munisipaliteit veronderstel om Eskom te laat weet of jy as 'n behoeftige huishouing geregistreer is. Eskom sal jou dan van gratis elektrisiteit voorsien en die betaling daarvoor by die munisipaliteit kry.



Waar kom die geld vir die gratis elektrisiteit (en alle ander gratis dienste) vandaan?

Elke jaar beraam die nasionale tesourie in die nasionale begroting hoeveel behoeftige huishoudings daar in elke munisipaliteit is. Dan bereken hulle die koste om elkeen van die gratis dienste te voorsien. Die totale koste van al die gratis dienste word vermenigvuldig met die beraamde aantal behoeftige huishoudings in elke munisipaliteit, en dan word daardie geld aan die munisipaliteit betaal. Dit beteken dat elke munisipaliteit elke jaar die geld direk uit die nasionale begroting kry om vir die gratis basiese dienste te betaal.

Die bedoeling is dat die munisipaliteit gratis dienste aan dieselfde aantal huishoudings moet voorsien as wat hulle geld voor kry. Dit beteken dat as 'n munisipaliteit geld kry om gratis dienste aan 5 000 huishoudings te voorsien, dan moet dit gratis dienste aan 5 000 huishoudings voorsien. Indien dit slegs dienste aan 3 000 huishoudings voorsien, dan is dit veronderstel om te sê hoekom dit so is, en dit moet ook met die gemeenskap bespreek word voordat daardie besluit geneem word.

Indien 'n munisipaliteit befondsing van die nasionale begroting kry om gratis basiese dienste aan 5 000 huishoudings te voorsien, maar slegs dienste aan 3 000 huishoudings voorsien, wat gebeur met die ekstra geld (die geld wat aan gratis basiese dienste vir die ekstra 2 000 huise spandeer moes word)? Die munisipaliteit mag daardie geld spandeer aan wat ook al hulle wil.

Op die oomblik kyk niemand na hoeveel geld wat die munisipaliteit vir gratis basiese dienste kry, in werklikheid die arm huishoudings bevordeel nie. Ons navorsing het ondersoek hoeveel huishoudings in werklikheid die gratis elektrisiteit van hul munisipaliteit af kry in vergelyking met hoeveel huishoudings in die nasionale begroting voor betaal word.

Ons het die aantal befondsde huishoudings in die nasionale begroting vergelyk met die inligting wat munisipaliteite elke jaar indien oor hoeveel huishoudings hulle van gratis basiese elektrisiteit voorsien. In 2019 (die mees onlangse jaar vir akkurate inligting van munisipaliteite) het die nasionale begroting befondsing voorsien vir 'n totaal van 9,8 miljoen huishoudings om die gratis basiese dienste te kry, insluitende die 50 kWh elektrisiteit. Maar slegs 2 miljoen huishoudings het wel die gratis basiese elektrisiteit van hulle munisipaliteit gekry.

IN 2019 was daar

**5,4 MILJOEN ARM
HUISHOUKDINGS**

**in Suid-Afrika wat gratis elektrisiteit
behoort te kry, maar dit nie kry nie.**



Daar is ongeveer 2,5 miljoen huishoudings in Suid-Afrika wat nie aan die elektrisiteitsnetwerk verbind is nie, so hulle kan nie die gratis basiese toelaag kry nie. Maar selfs al neem ons dit in berekening, beteken dit nog steeds dat daar 5,4 miljoen arm huishoudings in Suid-Afrika is wat gratis elektrisiteit behoort te kry, maar dit nie kry nie.

Die hoeveelheid geld wat hierdie huishoudings moes bevoordeel, was R6 miljard, net in 2019. Dit is die totale waarde van die gratis elektrisiteit wat mense nie ontvang het nie, en wat hulle uit eie sak vir daardie elektrisiteit moes betaal.


Hoekom gee munisipaliteite nie die gratis elektrisiteit-toelaag aan nog méér huishoudings nie?

Hulle kry die geld daarvoor van die nasionale begroting af, so hoekom dra hulle nie die volle voordeel daarvan aan arm huishoudings oor nie?

Dit is nie maklik om hierdie vraag te beantwoord nie, en elke munisipaliteit sal hulle eie beskouingspunt hê, maar dit lyk of munisipaliteite dit vir mense baie moeilik maak om as 'n behoeftige huishouing te regstreer, selfs al is hulle arm. Indien jy nie as behoeftig kan regstreer nie, kan jy nie die gratis elektrisiteit kry nie. Dit is verkeerd: die munisipaliteit is veronderstel om seker te maak dat alle arm huishoudings geregistreer word en die voordeel kry.

Partykeer is 'n huishouing as behoeftig geregistreer en kry hulle ander gratis dienste soos water, maar hulle kry nie die gratis elektrisiteit nie, selfs al het hulle 'n amptelike elektriese verbinding. Dikwels weet mense nie dat hulle, indien hulle as behoeftig geregistreer is, veronderstel is om al die gratis dienste te ontvang nie.

Dit is belangrik dat almal van ons seker maak dat ons munisipaliteite gratis basiese elektrisiteit en alle gratis basiese dienste toewys. Ons moet ons munisipaliteite vra vir hoeveel huishoudings hulle geld van die nasionale begroting kry, en hoeveel huishoudings wel die gratis dienste kry. Indien daar 'n groot verskil is, moet hulle verduidelik hoekom. Ons moet daarop aandring dat ons munisipaliteite ons raadpleeg voordat hulle besluit hoeveel huishoudings die gratis dienste kan kry en hoeveel nie.



**Hierdie gemeenskapsopdrag is geneem uit
PARI se Energy and Society Working Paper #2
(energie en samelewing-werksdokument #2).**

Die volledige dokument kan [hier gevind word.](#)